**Wis vryheidsvernietigers uit om nader aan vryheid te beweeg**

**Nico Koopman***

Ons vier vanjaar Vryheidsdag (27 April) met die gevoel dat ons besig is om terug te dryf na gevangenskap. Vryheidsdag is ’n dag om te onthou hoe ons die stryd gevoer ter wille van vryheid; hoe ons vryheidsliedere gesing het. Ons het die Skotse volksliedjie, “My Bonnie lies over the ocean” aangepas na “Our leaders are over the ocean, our leaders are over the sea. Bring back, bring back, bring back our leaders to us, to us”. Dit is ook ’n dag waarop ons die jonger geslagte moet vertel hoe ons op 27 April 1994 tougestaan het om vir die eerste keer te kan stem. Ons onthou die lang toue by die stemlokale. Ons onthou hoe ons gestem het.

Ons onthou hoe ons teorieë vir vryheid geskep het. Ons het by die Duitse teoloog Martin Luther gaan leen by wie ons van vryheid van onderdrukking en vryheid vir ’n verantwoordelike lewe geleer het. Ons het uit die put van etikusse soos die Amerikaner Helmut Richard Niebuhr gedrink wat ons geleer het daar is nie vryheid sonder ’n etiek van verantwoordelikheid nie. Die Russies-Britse sosiale politieke denker Isaiah Berlin het ons van negatiewe en positiewe vryheid geleer. Negatiewe vryheid beteken ons is bevry van eksterne hindernisse wat ons verhoed het om te doen wat ons wou. Positiewe vryheid impliseer dat ons ons eie roeping kan bepaal, en dat ons die vermoë en outoriteit het om daardie roeping te bereik.

Ons het ’n Handves van Regte ontwikkel wat ons geleer het daar is geen vryheid indien daar nie waardigheid is nie; daar is geen vryheid waar daar geen genesing van al die fisieke, sielkundige, geestelike, sosiale, politieke, ekonomiese en ekologiese wonde is nie; daar is geen vryheid waar daar geen geregtigheid is nie; daar is geen vryheid waar daar nie gelykheid is nie. Ons het die afgelope drie dekades beleide en praktyke in alle sfere van die lewe ontwikkel om die uitbouing van ’n menseregtekultuur te bevorder wat ’n kultuur van vryheid en verantwoordelikheid insluit.

Nege-en-twintig jaar ná ons eerste demokrasie verkiesing het vryheid nog nie vir alle Suid-Afrikaners aangebreek nie. Ons is nie vry van onder meer rassisme, etnosentrisme, klassisme, seksisme, heteroseksisme, ouderdomsdiskriminasie, xenofobie, omgewingsvernietiging en diskriminasie nie. Ons is nie vry van armoede, werkloosheid en ongelykheid nie. Ons is nie vry van korrupsie, staatskaping, misdaad en bloedvergieting nie. Ons is nie vry van kaderontplooiing, nepotisme, middelmatigheid, onderprestasie en swak dienslewering nie.

Ons sal nader aan vryheid vir almal beweeg indien ons dalk verskeie vryheidsvernietigers identifiseer en aanspreek. Ek noem hier ’n paar van hierdie vryheidsmoordenaars.

Ons moet die gees en etiek van die soeke na die welstand van die samelewing, veral die welstand en vooruitgang van die mees gemarginaliseerdes en kwesbaarstes in die samelewing laat herleef. Dit blyk dat hierdie etiek wat ons gelei het om apartheid te oorwin en demokrasie te bereik, weggekwyn het.

Ons moet ontslae raak van die romantisering van voormalige vryheidsbewegings wat politieke partye geword het. Ons waardering en koestering van groot vryheidshelde en ons waardering vir die rol van die vryheidsbewegings moet ons nie blind maak vir swak prestasie ná dekades van demokrasie nie. Ons moenie die vordering vergeet wat ons in ons demokrasie gemaak het nie. Ons moenie die talle oorgeërfde onregmatige dade van die koloniale en apartheidsverlede vergeet wat steeds volle vryheid onderdruk nie. Maar ons moet die prestasie van partye en leiers van ’n demokratiese Suid-Afrika deur die lens van nugterheid en eerlikheid – en nie deur die verblindende lens van romantiek

en nostalgie nie – beoordeel. Ons moenie doekies omdraai nie en eerlik wees oor die tekortkominge, mislukkings en selfs skendings van die kosbare ideale van die vryheidstryd en van demokrasie.

Nog ’n vryheidsvernietiger is ons kollektiewe onvermoë om behoorlik op die verlede, die hede en die toekoms te fokus. Ons is dikwels geneig om vir ’n beter verlede – en nie vir ’n beter toekoms nie – te werk. Ons moet nuwe moontlikhede bedink. Ons moet glo die voorgestelde werklikheid is beter as die huidige werklikheid en dat ons nie verdoem en vasgevang is in negatiewe huidige en werklikheide van die verlede nie. Om te bedink, is om vír die aktualisering en vervulling van die voorgestelde werklikheid te werk.

’n Toekomsfokus impliseer ook ons moet omgekeerde mentorskap beoefen. Ouer mense moet bereid wees om van jonger mense te leer. Ons moet jonger mense toelaat om ook as ons mentors te dien. Jonger mense waardeer die verlede en het terselfdertyd die vermoë om ’n gesonde afstand te handhaaf. Hulle is nie so emosioneel verbind soos ouer mense nie. Hulle oordeel met ’n verbasende nugterheid en klarigheid. Ek geniet dit om hieruit te put. Onwilligheid om by hulle te leer en van hulle mentorskap gebruik te maak, beroof ons van die toepaslike lense om vandag gesonde party-politieke besluite te neem.

’n Laaste vryheidsvernietiger is ons onvermoë om die kategorieë van die verlede te bowe te kom. Ons verdeling in verskillende rassegroepe moenie verewig word nie; dit moenie gebruik word om te verdeel en te vervreem of om apartheid te perpetueer nie. Dit moet as aanwysers van besonderheid, diversiteit en hibriditeit gebruik word. Hibriditeit impliseer dat mense van verskillende agtergronde met mekaar meng, met mekaar omgaan en mekaar omarm. Hibriditeit beteken dat ons nie ons spesifieke identiteit prysgee nie, maar dat ons meer as daardie spesifieke identiteit word omdat ons met mekaar meng. Hibridiese identiteit kweek ’n kohesie en ’n samehorigheid wat ons in staat stel om gesamentlik en vreugdevol vorentoe te beweeg na voller vorme van vryheid.

***Prof Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel by die Universiteit Stellenbosch.**